

ONDERRIGBELEID

- Junior Akademie is 'n Christelike Sentrum.
- Ons onderrigmedium is primêr Afrikaans.
- Korrespondensie aan voogde/ouers vind ook primêr plaas in Afrikaans.

TOELATINGSVEREISTES

- Kinders vanaf ouderdom 4 maande tot 5 jaar (Gr RR) kwalifiseer.
- Elke aansoek is onderhewig aan 'n afspraak met die sentrumhoof, Lorain du Plessis Smit.
- Die baba/kleuter waarvoor aansoek gedoen word moet tydens die onderhoud, indien moontlik, teenwoordig wees.
- Na afloop van die onderhoud sal u skriftelik in kennis gestel word of u aansoek suksesvol was al dan nie.
- Aangesien ons aan departementele voorskrifte moet voldoen rakende die hoeveelheid kinders by die sentrum per dag, kan ons slegs 'n sekere aantal kleuters toelaat tot die sentrum.
- Indien u kleuter/baba nie dadelik toelating kry nie, kan hul naam op 'n waglys geplaas word. Indien daar kansellasies plaasvind, kontak ons u dadelik.

Voorkeur word gegee aan:

- Voldag Inskrywings
- Boeties/sussies van reeds ingeskrewe kinders.

Ons personeel evalueer die kleuters deurlopend. Indien ontwikkelingsmylpale nie bereik word nie, sal u persoonlik gekontak word. Ons vra dat u ons waarneming met 'n oop gemoed sal ontvang en ook hierin ons hande sal neem.